

Pretoria- 12 September 2010

Skriflesing: Esegïel 10

Teks: **Esegïel 10:7b,18**

Sing- Ps. 103:1,6; Ps. 73:1,2; Ps. 139:1,2,9; Ps. 73:10,11

Daar het seker van die donkerste oomblikke ooit in Esegïel se lewe aangebreek.

Broeder en suster, in hfst. 24 is Esegïel se vrou van hom weggeneem. Watter verskriklike tyd sou die aanbreek van sy wewenaarskap vir hom wees, maar dit wat ons vandag hoor sou maar net so erg wees, in baie opsigte dalk erger as om jou vrou te verloor. Die hartseer en diepte in hfst. 10 is waarlik 'n geval van om iets te verloor wat vir ons baie kosbaar moet wees. Trouens in hierdie hele hoofstuk, soos telkens in Esegïel, kom die werklike dieptepunt in die besef dat ons eintlike probleem kom baie keer nie net oor die feit dat ons dit wat baie kosbaar is verloor nie, maar die ergste is as mens nie erken hoe kosbaar is dit wat nou verlore geraak het nie. As ek nie die waarde van God se heerlikheid besef nie, dan sal ek die weggaan van God se heerlikheid seker ook nie as so 'n groot gemis bely nie.

Ons gaan hierdie hoofstuk dan vanuit die twee hoeke benader. 1. Iets van die waarde van God se heerlikheid 2. In die tweede plek die oomblik van die weggaan van God se heerlikheid het aangebreek.

Die waarde van God se heerlikheid:

Die Man met die wit linnekleed het ons reeds verlede Sondag ontmoet. Jesus Christus in sy Ou-Testamentiese openbaring het 'n inktpot aan sy heupe gehad, Hy het gemerk hulle wat God Hom beveel het. Op die voorkop was die kruis klaar geteken. Die heerlikheid van God is eintlik ook hierin afgeteken. Hulle wat aan God behoort sal selfs in die grootste nood nie ondergaan nie, maar nou gaan Hy met die wit kleed ook weggaan.

Broeder en suster, Christus het op hierdie aarde gekom ook vir wat Esegïel lank vóór die vleeswording moes raaksien. Christus het nie net gekom om te red ons wat verlore was nie, maar Hy kom ook om vuur op hierdie aarde te gooi. Ja, dit het nog steeds alles met God se heerlikheid te doen. Die feit van God se teenwoordigheid en die plek van God se teenwoordigheid het in alle geval altyd met God se heerlikheid te doen. Dit gaan nie net om waar God teenwoordig is nie, maar dit gaan ook vir ons om God se alomteenwoordigheid.

Pretoria- 12 September 2010

Dit het Esegïël ook moes raaksien. In Esegïël 1 het hy wat Esegïël was, moontlik op sy verjaarsdag, dit alles begin sien. Esegïël 1 gebeur aan die Kebarrivier, daar sien hy die troonwa van God en het Esegïël toe reeds die heerlikheid van God op baie ander maniere ook raakgesien. Daar was gerubs wat daar aan die rivier by die wa verskyn het, daar was die wiele en dan ook die wiele binne die wiele. Esegïël 1 beskryf ook in die eerste hoofstuk die beweging van die wiele en dit alles beweeg in gelid, daar was iets van 'n ratwerk in hierdie wiele. Esegïël 1:17 lees ons die besondere van die wiele- *Na al vier kante het hulle gegaan as hulle gaan: hulle het nie gedraai as hulle gaan nie...*

Wat het tussen hfst.1 en hfst.10 gebeur, broeder en suster? Weer sien Esegïël presies dieselfde troonwa wat hy by die Kebarrivier gesien het, maar hierdie wa word nie net op een plek gesien nie. God is 'n alomteenwoordige God. Hierdie wa beweeg nie net deur die lug nie, maar ook op die aarde- na links en regs- vooruit, agtertoe, sonder om te draai. Dit staan buite alle twyfel dat die God wat aan die Kebarrivier verskyn het, is nou die God wat met hierdie heerlikheid rondom die wa in Jerusalem gesien word.

Esegïël se aandag bly egter by die wiele. Die groot slagting van hfst. 9 word gehoor, maar die wa en die Man met die wit linne geklee kom na mekaar toe. Nou sal Hyself wat die inktpot aan sy heupe gedra het se hande vol met gloeiende kole gesien word. Kole wat 'n gerub daar tussen die ratwerk van die wiele uithaal en dan in die twee hande van Hom plaas wat met inkt gemerk het maar nou met vuur ook Sy oordeel sal uitgiet. Die Gesalfde van God is nie maar net die liewe Jesus soos mense baie keer oor die Christus hulle kinders leer nie, maar hierdie Jesus van God se koms beteken nie net vrede nie, maar Hy is ook die Een wat vuur sal uitstrooi. Ons leer Christus ook in sy heilige toorn ken. Dit is 'n besondere toorn, ook vol van goddelike wysheid.

Wanneer Esegïël hierdie deel aan ons beskryf dan is dit asof Hy nie woorde het om dit alles te verhaal nie. Die geregsdienaars van hfst.9 is reeds bekend hoe vernietigend sou hulle in Jerusalem wees- waar hfst. 9:6 hulle opdrag was- *slaan dood, jongmanne en jongedogters en kinders en vroue tot vernietiging toe...* Die oues in die geheime raad, die vrouens met hulle Tammus-trane, die jongmense met hulle rûe na die tempel gekeer, al daardie mense waarin Esegïël aan sy kuif geruk skok op skok moes beleef, al hulle gruwelplekke en gruweldade kom onder die wapen.

Pretoria- 12 September 2010

Nou kom die Man met die linnekleed en op 'n stad waarvan die verwoesting en dood reeds geweldig moes wees kom Hy en daar word kole uitgestrooi op dit wat alles reeds platgevee was. Die vuur oor Jerusalem uitgestrooi is Christus wat God se strawwende geregtigheid bedien. Christus het nie uit sy eie die kruisteken van ink op die voorkoppe geplaas nie, maar Hy het op bevel van die God van die verbond, sy Vader gehandel. Nou weer die kole in Sy hand neem Hy nie Self nie, maar dit staan weereens in die lig van die Here van die verbond, ons hemelse Vader wat Hom beveel om dit te neem en dit uit te strooi.

Vuur was in baie gevalle die teken van hoe God die vyande van Israel daarmee sal straf en dit kom dan op plekke wat werklik nooit in een asem met Jerusalem genoem kon word nie. Ons dink aan Sodom en Gomorra, oor hulle het die Here die hael en die vuur laat reën, maar hoe verskriklik is dit vir die profeet van die Here om nou te moet sien dit is oor Jerusalem waaroor hierdie vuur gestrooi sal word. Die stad van God, die volk van God, die heiligdom van God, juis oor sy heiligdom laat God die kole vuur val.

Wanneer ons in hierdie opsig God ook in sy heerlikheid sien, maar dit is ontsettend God se veroordelende heerlikheid, dan kom ons agter Esegïël se woorde word ook min. Hy wat dalk so gehoop het dat die Man met die inkpot sal dalk tog nog meer as die uitverkorenes merk, maar nee die gemerktes sal nie meer kan wees as die uitverkorenes nie. Esegïël draai maar sy gesig weg, dieselfde Man in die linne geklee, in die voorkoms van Hom wat Priesterlik merk na merk sou uitdeel, nou word daar Regterlik vuurkool ná vuurkool deur dieselfde Man uitgestrooi. Aan die einde van v.7 dan staan daar maar net hoe hierdie Man weggegaan het- *dié het dit geneem en uitgegaan....* Om God se vuurbombardement op God se eie stad te moet sien val, broeder en suster, die Lam van God is ook die Leeu van God. Hy wat sy lewe gee vir sy skape, Hy is ook die Leeu uit die stam van Juda van *Wie die septer nie sal wyk nie- aan Hom sal die volke gehoorsaam wees*, beginnende by waar dit moet begin, by sy eie volk!

Die wiele wat beweeg is wiele vol oë, maar Esegïël sou ook sien die gerubs wat die vuur bring is ook vol oë. Hierdie baie oë beteken dat God sien werklik alles raak, maar dit sê nog meer. God kom nie na Israel en spesifiek na Jerusalem met blinde woede nie. Mense word mos so kwaad dat hulle kan blind word van woede. As God Self sy eie stad vernietig dan is daar baie oë ter sprake. Selfs in sy toorn dan is God nog steeds die God

Pretoria- 12 September 2010

wat sien en wat met wysheid handel. Daar word nie maar gestraf om nou maar alles plat te vee nie. Ons onthou hoe God ook in hfst.5 Esegïël met 'n swaard sy hare laat skeer as teken van hoe die volk afgesny gaan word maar dieselfde hare word in drie dele met 'n skaal ook presies afgeweeg. God se suiwere reg verander nie- swaard en skaal, ink en vuur. Wel, as die gemerktes klaar gemerk is, dan is dit die swaard, die vuur wat nie gekeer sal word nie.

Maar broeder en suster, as ons by die tweede helfte van hfst. 10 kom dan is die eerste vraag wat is nou die ergste? Die eelte op 'n mens se hart of die eelte op 'n mens se vel. Dit staan natuurlik in verband met die –

Die weggaan van die heerlijkheid van God:

Ons sal seker geneig wees om te dink dit wat Esegïël eerste gesien het, is darem baie erger as die tweede gesig. Die Man met die kole wat oor die stad uitgestrooi word, is mos darem baie erger as om gewoon maar net te sien daar beweeg die heerlijkheid van God nou ook stil-stil weg. Wanneer vuurkole op jou vel kom dan is dit verskriklik hoe dit blase kan brand en my baie seermaak.

Maar weet u waar is die werklik groter seer?! Dit moet nie wees die dinge wat die vel kan seermaak nie, maar die dinge wat die hart seermaak. Dit is asof God Self aarsel om hierdie volgende stap uit te voer. Die verskriklike om sy eie heiligdom te verlaat. Die gerubs ruis hulle vlerke, die lugruim kom al in effense beweging deur hulle vleuelslag, maar dan is dit asof die tweede exodus (die tweede uittog) in hfst.10 nog eers weer effens uitgestel word. Hierdie tempel wat vir eeue en eeue die huis van God genoem was. Die plek daar op die berg Sion, daar het God die rotssteen verkies en neergelê, die plek wat die plek van God se rus genoem was, maar kan vers 18 langer uitgestel word?! Al sou God dit Self wou uitstel, maar die gruwels van Jerusalem is so groot, God kan daar langer nie bly nie. Dit is die hele strekking van wat ons al vir 10 hoofstukke in Esegïël na meegevoer was.

God vertrek omdat Hy nie anders kan nie. Die geweldige van sonde is wanneer God iets doen wat Hy in wese eintlik nie wil nie, broeder en suster, dit is waartoe die brutaliteit van die mens se boosheid selfs vir God dwing. Dit word vir God in sy heerlijkheid 'n totale onmoontlikheid om in 'n kerk, om in die tempel te bly wat daar in Jerusalem was. Die eeue se geskiedenis wat agter die tempel lê is wel in die gedagtes,

Pretoria- 12 September 2010

maar al het 'n plek ook hoe 'n wonderlike geskiedenis, as die oomblik van nou se boosheid voor God eenvoudig te groot is dat selfs God daardeur weggedryf word, dan kan geskiedenis dit nie verander of regmaak nie! Israel in sy hele volksgeskiedenis, die wonderlike dade van God het in hierdie volk die hele Ou Testament gevul. God wat vir hierdie volk so goed was, Israel in sy totale godsbestel en bond bestel, maar wat het mense met die God gemaak...wat maak ons as mense steeds met die God wat vir ons so goed wil wees?!

God word daardeur diep getref, dit wat ons as mense dink dit maak ons nie so seer nie, nie naastenby so seer soos wanneer daar kole vuur op my vel val nie...dit wat ons dalk nie so seer maak nie, dit maak God die diepste seer. God Wie se wa al voor die deur staan. Die God wat moet vertrek oor redes waaroor ons ons eintlik nie so oor kwel nie. Redes soos wanneer Hy wat God is nie meer vir ons die Here is nie, wanneer daar geglo word God het ons verlaat, wanneer mense vóór ander mense 'n totaal valse belydenis aanhang van die Here sien nie en die Here weet nie. Dit is sulke geloof wat die Here sy wa laat inspan, wat in Esegïël die toonbeeld word van die Here gaan in Sy heerlijkheid weggaan!

Die wa wat God se heerlijkheid gaan wegvoer word deur Esegïël baie aandag aan gegee. Hy het in hfst.1 al eintlik aan presies dieselfde wa besondere aandag gegee, 'n wa wel op 'n ander plek- Kebarrivier- nou hier, in Jerusalem, dit wat gedryf word deur wiele binne wiele, deur rat binne rat, waar vier gerubs bo die wiele kom, vier wesens, vier diere, alles word beskryf, want bo-op die gerubs is dan eintlik die troon waarop God sy plek sal inneem. Wanneer die wa in ons terme hier reg voor die trap van die kerk kom wag, dan wag die wa op die mees heilige Passasier wat daar kan wees. Hy wat God is, Hy wat Self God is, Hy wat die Here is, Hy wat sê dat Hy is, maar Hy is ook inderdaad wat Hy is!

Sy wa wat al voor die deur staan, Hy gaan in sy heerlijkheid weggaan, want het Israel begin leef asof hulle Hom nie meer nodig het nie. Hulle van wie ons in hfst. 11 hulle verwaandheid sal hoor, van hierdie *stad is die pot en ons is die vleis* (vgl. 11:3). Wanneer mense begin glo dat ons in nie daar ter wille van God nie, maar God is daar ter wille van ons, kan daar groter verwaandheid wees! Daarna sal ons DV. nog weer volgende week terugkom.... Watter verskriklike selfoorskating kan daar by die mens

Pretoria- 12 September 2010

net nie wees nie...die mens wat in sy menseregte baie beslis in ons tyd ook besig is om homself heeltemal te oorskat. Agter die stakings leef eintlik maar dieselfde mentaliteit van die stad is die pot en ons is die vleis! Dit is ook baie keer mense se kerk beskouing. Die kerk is die pot en ek is die vleis. Née , broeder en suster, word u maar eerder die pot, die erdekrui, in jou swakheid en broosheid, maar laat ons die pot wees en God die vleis. Ons wat besonder pot kan wees, ons liggame wat in die opsig pot vir God is, ons liggame wat dan God se tempel is... (Laat ek egter nie te veel op volgende Sondag nou inkom nie....)

Ons word daardeur getref, as Esegïël vir God sou sien wegry, wat kon hy anders dink! Hier het hulle God nie meer nodig nie- mense wat God as oorbodig kan beskou! Dink jou dit in! Tog is ons land in sy huidige toestand vir my in baie opsigte die land wat Israel toe was. Hoeveel miljoene mense lewe in hierdie land asof God oorbodig is?! Die God wat mense by hulle wil laat aanpas, anders moet God ophou om vir hulle God te wees. Wat beteken die volheid en die werklikheid van God se heerlijkheid nog vir u en my?!

Is daar nie baie verskynsels in ons tyd wat mens laat voel die wa het klaar vertrek?! Dit voel vir mens oral waar jy beweeg, in hierdie stad, maar selfs in ons beweging van kerk na kerk, selfs in die kerkverband waarvoor ek baie lief is, is daar so baie dinge wat daarop kon dui die gunsryke nabyheid, die wonderlike heerlijkheid van God is uit ons midde weg! Hoe baie dinge wat vir die Here kosbaar is, sy Woord, sy skepping, mense is besig om op allerhande maniere dit te vertrap. Ons waterbronne, die natuur is geweldig onder druk en dit wat God daarin vir ons gegee het, ag hoe word daarmee gemors. Dan praat ek nie eers wat daar met die Woord van God in ons tyd gedoen word nie! Die wa staan voor die deur.

Maar broeder en suster, al mag dit wees dat mense God as oorbodig beskou, baie mense leef asof daar vir God in hulle lewe eintlik nie meer plek is nie, soos wat mense met Jesus Christus gemaak het. Daardie twee hande in Wie die vuurwarm kole geplaas was, die hande wat dit sou uitstrooi, daardie hande is aan die kruis vasgespyker. Mense het vir Jesus geen plek wou gee nie. Hy wat dit ook so geprofeteer het- *die jakkelse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy/sy hoof kan neerlê nie...*(Matt.8:20). Vir die Seun van God, ja vir die volmaaktheid

Pretoria- 12 September 2010

van God se heerlijkheid, dit is die Seun was daar nie plek nie- Die verskriklike is om te besef as Jesus sê Hy het geen plek waar Hy/sy hoof kan neerlê nie, vir hierdie neerlê in die Grieks (κλίνω klino {klee'-no} dit kom net op nog een ander plek in hierdie vorm in die Here se Woord voor...en dit waar Jesus sy Hoof buig en sy laaste asem uitblaas. Daar kom Hy tot rus. Sy enigste rusplek is die kruis....

As ons God se wa voor ons deur sien staan, is dit 'n vraag sal ek ooit agterkom dat God vertrek. Sal ons Hom werklik mis?! Ons wat hierop kan antwoord vir ons is daar terselfdertyd die geweldige troos al vertrek God se heerlijkheid uit sy tempel, nooit sal God toelaat dat sy heerlijkheid net weggaan en ophou nie. Die enigste wat ooit deur God heeltemal verlate was, was sy eie Seun- *my God, my God waarom het U my verlaat...* Toe was God se heerlijkheid ook van Hom af weg. Watter verskrikking is dit!?

God se heerlijkheid vertrek uit sy tempel maar sal nooit vir ons heeltemal weg wees nie. Dit vertrek om weer elders te verskyn... soos die heerlijkheid by die tempel wegtrek so trek dit by die Kebarrivier voor Esegïël se oë in... Die heerlijkheid van God sal altyd die totaal vervalste kerk verlaat. Dit kan ons maar weet.

Tog, al moet ons later ook daarop nader inkom, moontlik volgende week, soos Esegïël God sien weggaan, uit sy tempel, uit sy stad, uit die land uit, die heerlijkheid van die verbond van God trek weg... Die wa beweeg maar dan het dit skielik 'n baie interessante stilhouplek. Die wa wat gelyk het of dit in alle geval aarsel om werklik weg te beweeg, die hele roete word gekarteer en in v.19 lees ons hoe dit na die oostelike hek gaan, daar staan dit ook nog eers weer, daar vanaf die hek, word weer met Esegïël gepraat, die woorde van hfst. 11 en dan gebeur wat mens aan die hart gryp. Dit gaan verder ooswaarts. Op die berg, die Olyfberg, die berg van die hemelvaart aan die ooste van Jerusalem, beweeg dit en staan ook daar vir 'n wyle stil, dieselfde berg waar Jesus ook vanaf wegbeweeg het, maar waar Hy ook gesê het, Hy weer op die berg na ons sal terugkeer... Laat ons God in hierdie heerlijkheid van nou tog raaksien. AMEN